Sondag 13

**SKRIFGEDEELTE: JOB 16-18**
**FOKUSGEDEELTE: JOB 16**

**Beroep óp God téén God**

Geeneen van sy vriende verstaan werklik sy lyding nie. Só kla Job oor dié "hopelose troosters" (16:2). Hy voel dat mense hulle monde maklik oor hom "rek" (16:10). Dis egter nie ménse wat hom dit aangedoen het nie. God sélf is sy Teëstander, sê hy (16:9). "Ek het rustig gelewe, toe versteur God my rus" (16:12).

Dis 'n belangrike erkenning van Job hierdie! Hy weet hy is in die teenwoordigheid van die lewende God – al beleef hy God se oë as deurborende oë (16:9). Diep in sy siel wéét hy: die enigste antwoord is dat sy saak met God sélf moet regkom.

Voel jy en ek nie dikwels of God in sy verborgenheid vir ons 'n vyand geword het nie? "Alles is teen my", roep Jakob uit (Gen. 42:36 OAV). "Waarom is U verborge in die nood?" (Ps. 10:1, berymd). Bly dan, net soos Job, met God praat. Moenie jou rug op Hom keer nie. Hy is met jou besig. "In al hulle benoudheid was Hy benoud" (Jes. 63:9 OAV). Pas hierdie woorde op jou lewe toe.

Tog betuig hy nog steeds sy onskuld. Hy roep die aarde in as getuie dat hy onregverdig behandel word (16:18). Uit sy binneste word dit gepers dat hy darem 'n getuie in die hemel het (16:19).

Job pleit in trane by God. Hy bely snikkend dat God alléén uitspraak kan lewer in die saak tussen 'n mens en God (16:21). God wat sy Vriend is, moet oor God wat sy Vyand is, uitsluitsel gee.

Hoor jy nie in die verte reeds iets van Golgota nie – van God wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie (Rom. 8:32)?

*Sing: Psalm 141:86*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*